Tema: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop in Christus.

Liturgiese deelname
Vanoggend gaan van ons senior lidmate enkele aspekte van die liturgie hanteer. Ons dank die Here vir die senior lidmate in ons gemeente wat met voorbeeld leiding gee. Ons bid hulle almal die Here se krag en bystand toe in hierdie fase van hulle lewe. Mag ons altyd die nodige eerbied en respek vir ouer mense toon en hulle met liefde versorg. (1 Tim 5: 1 - 8)

Lofprysing met die oog op die erediens
Ps. 146-1: 1, 2, 3
Ps. 147-2: 1, 2, 4 (eerste mel)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 15-1: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs), 4 (almal)
Votum
Seën
Loflied Ps. 145-1: 1,5, 11, 12
Geloofsbelydenis 12 Artikels voorgehou deur Roelf Botha

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing deur Joke Botha: Rom. 12: 1 - 16;
Sing Sb 9-3: 1, 2
Gebed deur ds. Pieter

Woorddiens
Skriflesing: 2 Korintiërs 1: 1 – 11 Verduidelik konteks met verlede week se tema
Teks: 2 Korintiërs 1: 4
Skriflesing deur Heleen Kruger
Sing Sb 11-1: 1, 2, 10, 11 (Mel van Sb 9 - 1)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (Bybelvertaling)
Sing Lied 530: 1, 2, 3;
Seën
Amenlied Sb13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Dink ’n bietjie terug aan die week wat verby is. Dink na oor jou woorde en jou optrede teenoor ander mense. Het jy hierdie afgelope week iemand raakgeloop wat moedeloos was? Iemand wat in groot moeilikheid verkeer en nie meer hoop sien nie? Iemand wat troos nodig gehad het? Wat het jy toe gedoen? Het jy toe moed ingepraat, getroos of hoop gegee?

Geliefdes, ons kan soms self so negatief wees en mekaar dikwels meer in die grond in praat as wat ons mekaar troos, bemoedig of hoop gee. Wat is jou eerste reaksie as iemand oor iets bekommerd is of oor iets kla of negatief is? Is ons eerste reaksie nie maar om ook saam te kla en saam te praat oor al die negatiewe en slegte dinge wat ons in die lewe beleef nie?

Wat is die trant van ons gesprekke? Wat hoor ’n mens as gelowige vriende saam kuier? Hoor jy mense wat borrel van hoop en positiwiteit of hoor jy mense wat kla, mekaar negatief beïnvloed en praat asof daar geen troos of hoop of moed meer oor is nie?

En dit, br. en srs, terwyl ons verlede Sondag die wonderlike evangelie gehoor het van God, ons Vader, wat Hom oor ons ontferm en ons in alle omstandighede help, troos en moed gee. In plaas daarvan dat ons as gelowiges die draers is van hierdie troosboodskap, bring ons dalk meer rede vir moedeloosheid, wanhoop en swaarkry!

Want sien, brs en srs, wanneer God in jou lewe ingryp deur Jesus Christus en Hom oor jou ontferm, jou help, red, troos en bemoedig, dan verander Hy ook jou hart, jou gesindheid en uitkyk op die lewe! Hy verander jou optrede as mens – jy word ’n trooster van ander in moeilike omstandighede!

God gee aan jou en my sy troos, bemoediging en hoop wanneer ek en jy swaarkry SODAT ons dit weer aan ander kan gee wat swaar kry. En daarom is die boodskap vanmore: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop in Christus!

En daarom die vraag: Is jy ’n dankbare en blye draer van hierdie wonderlike evangelie van troos, moed en hoop? Wanneer laas het jy die hulp, troos en moed wat God jou elke dag gee, ’n bietjie vir iemand anders uitgedeel?

Br en sr, kyk bietjie rondom jou, luister wat mense sê en hoe hulle dit sê en raak bewus van so baie mense wat hierdie troos, bemoediging en hoop nodig het. En moenie sê: ek weet nie wat om te sê of wat om te doen nie! In Christus ontvang jy oorvloedige troos! Met ander woorde: jy het arms vol trooswoorde en troosdade om uit te deel! En nie sommer oppervlakkige en menslike troos nie, maar ware troos in Christus!

Dit is mos waarom Jesus die storie van die barmhartige Samaritaan vertel het? Kinders,
Wie van julle onthou die storie van die Barmhartige Samaritaan?
Jesus vertel mos die storie van die arme man wat op pad was en deur rowers aangeval is en baie seer gekry het. Toe kom daar twee gelowige mense verby maar hulle maak asof hulle hom nie sien nie en help hom nie! Daar kom toe 'n ongelowige verby maar hy kry toe die man jammer en hy help hom! En toe sê Jesus dat ons soos die barmhartige man moet wees nê? Nie soos die ander wat verby geloop het nie!

Want wat is 'n "barmhartige" mens? Dit is iemand wat self al seer gekry het, self al die hulp van die Here nodig gehad het en dit gekry het! En nou: wanneer hy of sy iemand anders sien wat seerkry, dan gaan help jy! Jy gee troos en moed en hoop met woorde en dade?

Brs en srs, volgelinge van die Here is barmhartige mense! Ons kry dit van ons Vader – die Vader van alle troos en bemoediging en die God wat in alle omstandighede help! Ons kry dit by Hom! Ons kan en mag nie mens in wanhoop, moedeloosheid en seerkry los nie! Onthou julle nog wat is die Griekse woord wat ons verlede week gehoor het vir God se bemoediging? "Paraklesis" en dit beteken ten diepste om iemand nader te roep met die doel om hom of haar te help! Dit is wat God ons gemaak het! Ons bring troos, hulp en hoop vir mense!

En nie oppervlakkige en mensgebonde hulp nie! Onthou julle nog die verwysing verlede week na die troostelose troos wat die ongelowige Grieke mekaar gegee het? "Toemaar jong, gelukkig het dit al beter met jou gegaan en nou moet jy maar die swaar verduur". Of "gelukkig is dit na die dood beter as in hierdie lewe."

Nee, wat beteken die troos "in Christus"? Ons klim soos Jesus in mense se skoene in en ons identifiseer met hulle seerkry en swaarkry. Ons hoor en beleef hulle nood en vanuit die werklikheid van die lyding in mense se lewe bring ons vir hulle Christus!

Ons teks sê baie duidelik: daar is oorvloed van troos in Christus! Jesus het nie vanuit die hemel net goeie boodskappies en versies van troos gestuur vir mense wat swaarkry op aarde nie! Hy het na ons toe gekom in ons nood en ons hieruit kom optel! En dit is wat gelowiges ook doen! Ons staan nie ver en stuur net sms'se of WhattsApps van trooswoorde en mooi teksies nie! <u>Ons raak persoonlik betrokke by mense in hulle nood. En ons verbind hulle aan Christus! Ons bring hulle na Hom toe!</u>

Paulus beskryf dit so in 2 Kor 4:4–6 "Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is. [5]Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus. [6]God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons

te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal." Die evangelie van lig en heerlikheid – die troos en hoop van God!

Christus wat gekom het om God die Vader se redding, troos en hoop in ons stukkende wêreld te bring! Nie net geestelik nood om ons van ons sonde te verlos nie, maar ook hulp, troos en uitkoms uit ons stukkende lewe! Troos vir stukkende harte, hoop vir hopelose mense, vermaning vir die wat vermaning nodig het, troos vir die wat troos nodig het! Christus het dit kom gee – **Hy was en is Immanuel – dit beteken God met ons! Ons lei mense na Hom toe!**
Onthou: die troos is nie dat ons gee mense is wat help nie – die troos is Christus.

Want Hy gee mense krag en tel hulle op uit hulle nood! Hoe doen Hy dit? Hy doen dit deur die Heilige Gees wat in ons kom woon en ons deur die geloof laat deel kry aan die troos, hoop en moed wat God ons gee! Dit is waarom Paulus in hf 4 vers 7 sê: "[7]Ons wat hierdie skat (dit is Christus) in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie." . Die krag wat alles oortref kom van God deur sy Gees!
Die krag van God wat jou hopeloosste omstandigheid, jou diepste verlies en hartseer, jou groot ellende oortref – dit kom van God deur sy Gees!

Die Gees wat ook Parakleet – Trooster genoem word! Ons het verlede week in diepte hierop ingegaan! Nou net die helende, troostende, en bemoediging **krag van die Gees wat mens uit hulle diepste nood optel en dra! Ons bind ons mense deur Christus aan die Gees vas – sodat hulle kan beleef wat ons beleef en wat Paulus beleef het in hf 4 : 8 - 9**
[8]In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; [9]ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie."

Maar geliefdes, die troos wat God deur sy Gees bied gaan nog verder! Die Here Jesus skakel ons nie uit in hierdie troos, hoop en bemoediging nie. Hy gebruik ons ook! Omdat Hy sy barmhartigheid in ons lewe gegee het en ons dit self kan ervaar, moet ons dit ook in woorde en dade aan mense in nood bewys! Die hele Skrif is vol van die opdrag dat ons mekaar moet help en bystaan! Mekaar moet moed gee, troos gee en positief beïnvloed! Dat ons mekaar hoop gee!

Dit begin met die groot gebod! Dat ons mekaar moet liefhê. Tannie Yoke het dit vanmore vir ons uit Rom. 12 gelees! Omdat God Hom oor ons ontferm het, daarom gee ons liefde en ontferming aan ander! Luister na die ander "mekaar opdragte" wat die Here ons in sy Woord gee:
Dra mekaar se laste.
Bid vir mekaar
Bely julle sondes teenoor mekaar en vergewe mekaar

Seën mekaar en moenie mekaar vervloek nie
Wees eensgesind – moenie met mekaar baklei nie
Troos mekaar met woorde en dade. Met die Skrif in die hand.

Help mekaar op tasbare wyse soos Paulus in 2 Kor. 8 en 9 die lidmate van Korinte aanmoedig om geld te gee vir die behoeftige mense in Jerusalem. Hulle moet geld insamel en dit gee sodat mense wat kos en klere en versorging nodig het dit kan kry! Ja, ons troos mekaar nie net met woorde nie, maar ook met dade deur mekaar fisies by te staan

Geliefde br. en sr, ten diepste moet jy die troos van die Here wees deur die vrug van die Gees te dra: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, nederigheid en selfbeheersing! Deur so te leef bring ons die troos van God vir ander!

Dit is dan die heerlike opdrag van die Here vir ons vanmore: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop in Christus!

Maar, br. en sr, weet dat dit ook iets van jou gaan vra! Dit vra selfverloëning om uit my en jou gemaksone te kom! Om uit ons eie gerieflike wêreld te kom en betrokke te raak by die nood van mense ons omgewing! En dit vra dat jy ook deel aan die lyding van mense! Paulus vertel self hoe sy uitreik na mense wat sonder troos of hoop was vir hom en die ander apostels baie pyn en lyding gebring het! Hulle moes baie opoffer om mense by Christus en sy hoop te bring!

Maar ons troos is dit: vir my en jou is daar oorvloed van troos saam met die lyding! Ons staan met arms vol troos, arms vol hoop en bemoediging in Christus om te kan uitdeel want ons weet God sal ons ook weer troos, help en bemoedig!

Ons het ook die geestesvermoë om by die swaarkry verby te kyk en te sien wat kom. Paulus skryf daarvan in Rom. 8: 18 “[18]Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.”
Ons deel nou alreeds en ons sien nou alreeds die heerlikheid van ’n toekoms wat vir ons gaan aanbreek waar Jesus in Open 21 sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. [4]Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.” [5]Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.”

Br en sr en liewe kinders, ek en jy is die draer van hierdie wonderlike troosvolle en nuwe wêreld van hulp, troos, hoop en moed in Christus! Kom ons gaan leef dit en deel dit hierdie week en elke dag van ons lewe uit! Kom ons wees hier in

Potchefstroom Christus se positiewe stem van hoop, troos en bemoediging vir moedelose en hooplose mense.

Amen